

8 November

Skrifgedeelte: Matteus 18:15-20

Fokusgedeelte: Matteus 18:17

Kerklike tug: Gereedskap van die Heilige Gees

Baie mense lig die wenkbrou as ons praat van kerklike tug, vermaning en afsnyding. Dit lyk darem baie na liefdelose inmenging in mense se lewens.

Tog is kerklike vermaning en tug juis een van die grootste bewyse van God se liefde vir sy bruid. Hy gebruik sy bruid om haarself te bewaar en te suiwer. Om die sondaar weg te ruk uit die kloue van die sonde en terug te ruk uit die mag van die bose. Terug – nie net terug na die gemeente nie, maar behoue vir die Koninkryk van God. Terug by Jesus Christus.

Nou moet ons met skaamte voor God erken dat ons hierdie bewys van sy liefde afskeep. Matteus 18 wys vir ons die beginpad van die redding van die sondaar. As ons as gemeentes hierdie opdrag van God suksesvol wil uitvoer, moet lidmate vermaan en die pad dan daarvandaan verder loop. Ons moet eers ons verhoudinge onderling in orde kry.

Die broederlike vermaning het in die vroeë gemeentes plaasgevind binne die intieme kring van klein huisgemeentes. Tussen mense wat elke dag bymekaar was, saam nagmaal gebruik het, mekaar se – dikwels enigste – vriende was. Dan het dit sin gemaak wanneer gelowiges mekaar vermaan, dan het dit iets beteken as jy van die gemeenskaplike maaltye weggehou word, dan het dit seergemaak as jou “geestelike huisgesin” jou optrede afkeur. Slegs binne gesonde omgee-verhoudinge in ons kerke kan ons Jesus Christus se verlossing weer sy vermanende seën laat bring.

God bedien die soendood van Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees gebruik medegelowiges wat waarlik omgee vir mekaar om saam die pad te stap na die horison waar die Ewige Lig reeds begin skyn.

Sing Psalm 122:2 (Totius)

Ds A Venter (Pretoria-Annlin)